# JONGSTE NUUS OOR BELASTINGSEISOEN 2019

**PRETORIA, Dinsdag 30 Julie 2019** - Die reaksie van Suid-Afrika is tot dusver prysenswaardig, met meer as 6 miljoen intekeninge op eFiling, nagenoeg 1.3 miljoen opgawes aangevra en meer as 1 miljoen opgawes ingedien, waarvan 900 000 vir die 2019 belastingjaar is.

Teen 29 Julie 2019, het SARS reeds R5.5 miljart aan belastingpligtiges terugbetaal, met 'n gemiddelde omkeertyd van 7 dae vir belastingpligtiges wat nie vir oudits uitgewys is nie, en 21 dae vir diegene wat wel vir oudit uitgewys is.

SARS wil ook uitlig dat, met die opening van die huidige belastingseisoen op 1 Julie 2019, vir hoofsaaklik elektroniese indiening deur eFiling en MobiApp, die doel was om dinge vir belastingpligtiges makliker te maak.

In ons onderneming om 'n egalige dienslewering te verseker, onderwyl kubersekuriteitprotokol gehandhaf word en op hoogte gebly word met tegnologie, is verskeie veranderinge ingestel hierdie belastingseisoen vir die gerieflikheid van belastingpligtiges. Dit sluit die volgende in:

- Nuwe sekuriteitprotokol:
  - Die gebruik van eenmalige PIN-nommers om veilige intekening te verseker.
  - Gebruikersprofiel en -portfolio skoonmaak.
  - Gestruktureerde veiligheidsvrae met data bekend oor die kliënt.
- Die gebruik van ondersteunde internetblaaiers, soos Google Chrome en die uitfasering van nie-ondersteunde blaaiers, soos Internet Explorer.
- Die bekendstelling van HTML5 tegnologie:
  - Om die verouderde Adobe Forms tegnologie uit te faseer, wat meeste blaaiers toemaak.
  - Voorsiening vir siggestremde kliënte deur sagteware-aanpasbaarheid.
  - Maklike gebruik deur die gebruik van blaaier en sleutelbord-beheer.
- 'n Splinternuwe MobiApp:
  - Voorsien vir die volle indiening-siklus, insluitend oudit en betalings.
  - Oplaai van stawende dokumente.
  - Insluitend 'n Chatbot, Lwazi, waarmee gebruikers in verbinding kan wees om antwoorde op belastingseisoen- en belasting-verwante vrae te verskaf.
  - Kontaksentrum interaksie met terugskakel-vermoëns.
  - Selfdiens gebruikernaam en wagwoord-funksionaliteit.
  - eFiling Registrasie vermoëns.
- Herskepte eFiling-tuiste:
  ♣ Nuwe navigasie-funksionaliteit wat meer mag in die hande van die gebruiker plaas, byvoorbeeld, vereistes soos 'gebruikernaam vergeet' en 'wagwoord herset'.
  ♣ Portfolio-bestuur en profiel skoonmaak
- Herontwerpte en dinamiese belasting risiko enjin wat spesifieke stawende dokument-versoeke dryf.
- 'n Doeltreffende geval seleksie enjin wat derde party data vergelyk en vooraf op belastingopgawes voltooi.
- Wetlike veranderinge, soos op jaarlikse basis bekendgemaak

Versterkte mede-blaai vermoë om SARS se kontaksentrumagente in staat te stel om belastingpligtiges by te staan met die voltooiïng van opgawes.

SARS neem kennis van die ontevredenheid wat deur sommige belastingpligtiges geuiter is oor tegniese haakplekke wat ondervind is met die indiening van hulle belastingopgawes.

SARS erken dat terwyl meeste belastingpligtiges 'n egalige dienslewering ondervind het, het ander moeilikheid ondervind met intekening, die ontvang van eenmalige PIN-nommers, die oplaai van stawende dokumente, data-kwessies wat indiening beïnvloed, insluitend aanslae en belastingberekening-resultate.

SARS neem hierdie kwessies baie ernstig op, en alle pogings is aangewend om dit spoedig op te los en die impak op nakomende belastingpligtiges, wat hulle belastingverpligtinge probeer nakom, minimaliseer.

SARS vra om verskoning vir die ongerief veroorsaak aan die betrokke belastingpligtiges, maar bevestig dat dit nie algemene gebeurtenisse is nie.

Die proses vir belastingpligtiges onder die inkomstedrumpel, wat tot R500 000 verhoog is, met inkomste van een werkgewer en geen ander aftrekkings nie, wat steeds opgawes wil indien, is verder verbeter om egalige indiening te verseker, deur die instelling van 'n gesimuleerde belastingberekening, gebaseer op vooraf-voltooide derde party inligting wat eenvoudig aanvaar kan word.

Suid-Afrika het tot dusver baie goed aggeslaan. Sou enige probleme ondervind word, word belastingpligtiges aangemoedig om die SARS-kontaksentrum te skakel op 0800 00 7277 of 'n e-pos te stuur aan webmaster@sars.gov.za SARS is toegewyd tot die dringende en spoedige oplossing van alle navrae.